KINDERWERKKAART

Genesis 3:6 & Spreuke 4:23

# SELFBEHEERSING



# OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Genesis 3 vers 1 tot 19** en **Spreuke 4 vers 23 tot 27** saam met jou kind(ers).
- Lê by jou kind vas dat ons altyd moet probeer om die regte ding te doen, al is dit moeilik en die verkeerde ding dalk makliker of lekkerder.
- As ons dit kan reg kry het ons SELFBEHEERSING (*laat hulle die woord n paar keer sê*)

## BESPREKING

Dis soms baie moeilik om te doen wat reg is en daarom beland ons baie keer in die moeilikheid by mamma, pappa of juffrou.

Mamma het dalk gesê dat jy nie nou 'n koekie mag kry nie, maar jy is so lus dat jy, net wanneer mamma nie kyk nie, gou 'n koekie vat en hom sommer so heel in jou mond druk en vining opeet. Jy dink omdat mamma jou nie gesien het nie, gaan sy mos nie weet nie….maar dalk het mamma die koekies getel? Dan gaan sy mos weet daar is een weg! Of jy vergeet om daai lekker krummels van jou mond af te vee, en dan kan sy sien jy het dit geëet. En omdat jy nie selfbeheersing kon toepas nie en nie vir haar geluister het nie, word jy dan gestraf…..wat baie slegter is as wat daai koekie lekker was!

Onthou, Jesus is ons Pappa in die hemel, en net soos wat mamma, pappa of juffrou teleurgesteld gaan wees as jy nie jouself kan beheer nie, net so is HY ook teleurgesteld. En God straf ons ook as ons nie doen wat Hy van ons verwag nie – kyk wat het met Adam en Eva gebeur!

Selfbeheersing is een van die vrugte van die Gees, en dit beteken dat dit iets is wat God van sy kinders verwag en wat ons ons bes moet probeer om reg te kry om n ware kind van God te wees.

Ongelukkig is ons net mense, en partykeer, al probeer ons hoe hard, doen jy die verkeerde ding. Gelukkig bly mamma nie altyd vir ons kwaad nie, en as ons regtig jammer is, sal sy jou vergewe, omdat sy lief is vir jou. Maar omdat jy lief is vir haar, en haar nie wil seer maak nie, moet jy altyd probeer om die regte ding te doen.

Netso is dit met God. Alhoewel Hy jou kan straf as jy verkeerde dinge doen, is Hy ook lief vir jou, en as jy regtig jammer is en bid en vra dat jy asseblief vergewe moet word, sal Hy nie vir altyd vir jou kwaad bly nie. Maar jy moet altyd jou bes probeer om die regte ding te doen sodat jy nie Jesus se hart seer maak nie.

En onthou selfbeheersing beteken nie net dat jy moet doen wat mamma gesê het nie, dit beteken ook dat jy moet doen wat God wil hê jy moet doen en dat jy moet leef soos Hy wil hê jy moet leef.

En kom ek vertel gou vir jou – dis nie net kinder swat hiermee sukkel nie.

Min dinge maak mamma's en pappa's  partykeer so kwaad soos mense wat in druk verkeer, voor jou indruk, aan jou linkerkant verbyjaag in die geel lyn ry. Of mense wat nie stilhou by rooi verkeersligte nie!

Hoe moet ek as kind van die Here reageer?

Onthou, die duiwel weet dit is waar jy selfbeheersing verloor. Hy gaan elke so 'n geleentheid wat oor jou pad kom misbruik,tot jou nadeel, en tot God se nadeel.

Natuurlik kan jy ontevrede wees,veral as verkeersreëls oortreë word. Maar die Here vra tog van ons selfbeheersing. Ook hier binne waar die Here weet hoe jy dink en voel.

Dit is nie so onmoontlik as wat dit klink nie. Wie gaan jy toelaat om jou te beheer? Die bose gees, of die Heilige Gees?

- **Sing saam  :  PS 25**

Leer my Heer u regte weë

Wys die regte pad my aan

Maak my hart daartoe geneë

Om met lus daarop te gaan

Wil my deur U waarheid leer

Ly my dwalende gedagte

Want U is my heil o Heer

U is ek altyd te wagte

# Werkkaart.

## Gesels lekker met jou kinders oor die onderwerp terwyl julle werk.

(Laat jou kind die antwoorde gee en bespreek die antwoorde en gee leiding oor wat die regte ding is om te doen en hoekom)

**Praktiese verduideliking van selfbeheersing**
**(Benodig – botteltjie bubbles en 'n lekkertjie)**

- Laat jou kindjie in die middel van die vertrek, of op die grasperk staan.
- Verduidelik aan hom/haar dat sy/sy nie mag nie beweeg nie. Hulle mag nie die bubbels bars nie, en ook nie koes vir dit nie! AS hy/sy kan uithou – is n lekkertjie die belonging.
- Blaas nou die bubbles bo die kind se kop en selfs in hom/haar vas.
- Wanneer die bubbles almal weg is en self gebars het, verduidelik dat dit is wat selfbeheersing is : hy/sy moes stilsit terwyl die bubbles oral om hom/haar was sonder om dit te bars of uit die pad uit te kom, al wou hulle hoe graag.

**Dit is selfbeheersing. Selfbeheersing is om self te kan besluit wat jy gaan doen, dink en sê**.



**INKLEURAKTIWITEIT**

Selfbeheersing is om NEE te sê vir die verkeerde dinge wat satan oor jou pad bring om jou te laat sonde doen. Om selfbeheersing te hê is nie altydmaklik nie, want die satan gaan probeer om jou te kry om verkeerde dinge te kies. Dis om te kies om nie na die satan se stem in jou oor te luister nie, maar eerder na Jesus se stem en die regte ding te doen.
As dinge nie gaan soos ons dit wil hê nie, en ons wil vir almal wys hoe kwaad ons is deur te wil skel of dalk iets te gooi of breek, moet ons onsself keer, DIT is selfbeheersing. Onthou, mense kyk na ons as kinders van God en wat ons doen.

Ons gaan nou die prentjie van die verkeersrobot inkleur.
**Die boonste lig kom ROOI**
**Die middelste een ORANJE**
**Die onderste een GROEN**

- Gesels bietjie oor ‘n verkeers robot en wat elke kleur beteken.
- Die rooi lig beteken STOP, die oranje lig beteken WEES VERSIGTIG en die groen lig beteken RY of GAAN VOORT. Net so is dit met Selfbeheersing.
- Volgende keer wat dinge nie gaan soos ons dit wil hê nie moet ons STOP, soos by die rooi lig, DINK, AAN WAT ONS VOLGENDE MOET DOEN, net soos by die oranje lig, en eers NA dit moet ons DOEN/VOORTGAAN, soos by die groen lig.

Noem n paar voorbeeld van situasie en laat jou kind met behulp van die ingekleurde robot vir jou wys wat die regte reaksie sal wees.

